

Gereformeerde Kerk Bellville – 6 Mei 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 128:1, 2 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.
- 2 Soos ons met welgevalle / die wingerdstok aanskou,
en tel die trossetalle / wat ons die blare^oontvou
so sal sy in jou lewe, / die huisvrou van jou jeug,
aan jou die volheid gewe / van huiselike vreug.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 105:1, 2, 3 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy dae in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.
- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.
- 3 Vra na die HEER der leërmagte, / die HEER oneindig groot in kragte;
soek daeliks sy aangesig; / gedenk die werk deur Hom verrig,
die wonders deur sy hand gedaan, / en wil sy strawwe gadeslaan.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 86:3, 6 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smee.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Gebed

Psalm 50:9, 10, 11 (p. 256) (Tweede melodie Ps 59)

- 9 “As jy 'n dief sien, voel jy bly; / aan ontug is jou hart verknog.
Jou mond laat jy in boosheid vry, / jou tong die vleg 'n string bedrog.
Jou broer bejeën jy met kwaad, / terwyl jy skimpend van hom praat.
- 10 “Die dinge doen jy ... sou Ek swyg? / Ek kom en sal my oordeel vel.
Ek sal jou nie met strawwe dreig, / maar alles jou voor oë stel.
O Godvergeters, vrees my wet, / waar Ek verskeur, kan niemand red!

- 11 “Hy wat sy dank My offer met / ’n hart gestem tot lof en prys,
wat op sy weg en wandel let – / hý is dit wat My eer bewys.
En, daar hy op my guns vertrou, / sal hy met vreug my heil aanskou.”

Skriflesing: 2 Samuel 11:1-27; Matteus 5:17-20, 27-30

Kernverse: Matteus 5:27-30

Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na ’n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.

As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie. En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie. (Matteus 5:27-30 AFR53)

Tema: Hoe ’n gelowige man en vrou na die ander geslag mag kyk

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, kyk is mos vry. Jy hoef nie vir kyk te betaal nie. So het ons as kinders uitdagend en tartend vir iemand gesê, as hulle gevra het: Wat kyk jy? Maar vanoggend is dit nie ’n speelmaat uit ons kinderdae wat vra: Wat kyk jy? nie. Ons Here Jesus vra vir elkeen van ons: Wat kyk jy, my broer, my suster, my kind? En Hy gaan nog verder. Hy vra ook: Hoe kyk jy? Waaraan dink jy, as jy so na daardie vrou of daardie man kyk? Word jy ook skaam en huiwerig om op hierdie vrae van die Here aan Hom te antwoord?

In ons kernverse ontvou Jesus die sewende gebod sodat ons kan begryp hoe omvangryk hierdie gebod is. Soos by die sesde gebod begin Hy weer om eers te sê wat die Jode al vir so lank by die Fariseërs en die skrifgeleerdes hoor:

Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. (Matteus 5:27a AFR53)

Vergelyk ’n mens hierdie laaste woorde met die Tien Gebooie, maak ’n mens maklik die afleiding dat die Fariseërs en die skrifgeleerdes tog reg geles het. Maar dit gaan nie oor wat hulle in die wet geles het nie. Dit gaan oor wat hulle van die sewende gebod gesê en gedink het. Jesus sê inderwaarheid vir die mense wat na Hom luister: Julle het gehoor hoe die Fariseërs en die skrifgeleerdes die sewende gebod aan julle verklaar het. En nou sê die Here Jesus nie vir ons watter verklaring hulle gehoor het nie, maar die dissipels het presies geweet.

Ons kan egter uit Jesus se regte verklaring van die sewende gebod agterkom wat die dissipels gehoor het. Die Fariseërs en skrifgeleerdes het die trefkrag van die sewende gebod sover as moontlik ingeperk. Hulle het gesê dit is net as ’n man saam met die vrou van ’n ander man slaap dat hy die sewende gebod oortree het. Vir hulle was dit die enigste oortreding van die sewende gebod. Dit is gerieflik om die Here se gebod oor seksuele sondes so in te perk, want dan is daar vir die mens met sy sondige geaardheid baie ruimte om in te beweeg en nog te dink dat hy seksueel rein lewe. Solank as wat jy net nie saam met ’n ander man se vrou slaap nie, is jy nog aan die sewende gebod gehoorsaam.

Broers, susters en kinders, omdat ons ook sondaars is, kan ons ook so maklik die trefkrag van die Here se wet inperk. Met alle reëls kyk ons hoe ver ons kan gaan. Wanneer dit by die wet van die Here kom, kan ons dit ook doen, want ons is van nature geneig tot die

verkeerde. Tog weet ons dat die Tien Gebooie een geheel is. Die sewende gebod staan nie waterdig van die ander gebooie geskei nie. Luister weer wat sê die Here in die tiende gebod: **Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie.** Die Fariseërs het dit ook gelees maar gerieflikheidshalwe nie op die sewende gebod van toepassing gemaak nie. As ons die tiende gebod saam met die sewende gebod lees, kom ons agter dat 'n mens nie regtig so baie ruimte het om die sewende gebod te oortree nie.

Teenoor die Fariseërs se valse verklaring van die sewende gebod stel Jesus weer met Goddelike gesag die eintlike betekenis van die sewende gebod soos sy Vader dit bedoel. Egbrek vind nie eers plaas wanneer 'n man by die vrou van 'n ander man slaap nie. Elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, het reeds in sy hart met haar egbrek gepleeg.

Op hierdie punt moet daar eers twee opmerkings gemaak word. Die eerste opmerking: God het die man en die vrou so verskillend geskape dat hulle tot mekaar aangetrek word. Die seksuele aantrekking tussen 'n man en 'n vrou het God gegee om in die huwelik te beoefen. Slegs tussen 'n man en 'n vrou wat met mekaar getroud is, mag daar 'n seksuele verhouding wees en mag daar met begeerte na mekaar gekyk word. Die Here het immers vir ons die boek Hooglied gegee om te verstaan hoe mooi en prysenswaardig die begeerlike kyk tussen 'n man en 'n vrou in die vaste verhouding van 'n huwelik is. Ons Here Jesus sê ook nie dat 'n man glad nie na 'n vrou mag kyk nie. Hy verbied dat 'n man met begeerte kyk na 'n ander vrou met wie hy nie getroud is nie. **Ons weet tog wat die verskil tussen kyk en kyk met begeerte is.**

Die tweede opmerking: Jesus verwys in vers 28 na alle soorte onsedelikheid op die seksuele gebied. Jesus praat nie net met mans in vers 28 nie. In die kulturele konteks waarin Jesus op aarde geleef het, was dit die gebruik dat mans alleen die sê gehad het. Vrouens mag net gesien en nie gehoor word nie. Vrouens is as besittings van mans gereken en die mans kon met hulle maak wat hulle wou. Ons sal nog sien hoe het die mans van daardie tyd met vrouens gehandel, as ons by vers 31 en 32 gaan stilstaan.

Dus, as gevolg van die kulturele omstandighede het Jesus in die berprediking net met mans by name gepraat. Maar die Here se Woord is nie in die kultuur van daardie tyd vasgevang nie. Sy Woord geld ook vir ons kultuur waarin vrouens meer vryheid het as in daardie ou tyd. Daarom geld die beginsel na alle kante toe: 'n Man mag nie met begeerte na 'n ander vrou kyk nie en 'n vrou mag ook nie met begeerte na 'n ander man kyk nie. En daar word nie net met getroude mans en vrouens gepraat nie. Dit is nie net getroude mense wat kuis moet lewe nie. Ook ongetroude mans en vrouens mag nie so na mekaar kyk dat hulle mekaar begeer nie. Jesus plaas die klem daarop dat elke seksuele praktyk wat onsedelik in die daad is, is ook onsedelik in die hart en gedagte. Dit gaan immers oor wat jy voel en wat jy dink wanneer jy na 'n vrou of 'n man kyk.

Ons kom terug by Jesus woorde in vers 28: Elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, het reeds in sy hart met haar egbrek gepleeg. Jesus praat nie daarvan om 'n vrou of 'n man raak te sien en by jouself te dink dat dit 'n mooi vrou of 'n aantreklike man is nie. Nee, die kyk waarvan Jesus hier praat, is om doelbewus te kyk na 'n vrou of 'n man om haar of hom te begeer. Jy staar om met jou oë elke detail van daardie persoon se liggaam in te drink. Ons hoor hoe dit tussen Dawid en Batseba gebeur het. Hy het op die paleis se dak geloop en haar gesien waar sy bad. In plaas daarvan om dadelik weg te draai, het hy eerder bly kyk, gesien sy is baie mooi en haar begeer, want hy het navraag oor haar gedoen.

Natuurlik het Batseba ook skuld aan hierdie sondes van Dawid. Sy moes nie op so 'n plek gebad het waar sy maklik deur iemand anders raakgesien kon word nie. Daarom lê die verantwoordelikheid op elkeen van ons – moenie so aantrek of jouself so laat sien dat iemand anders daartoe verlei kan word om met jou in sy of haar hart egbreuk te pleeg nie.

Wie so na 'n vrou kyk dat hy haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg. Die manier waarop 'n man na 'n vrou kyk, kan sy verbeelding aan die gang sit en dit op loop laat gaan. Verbeelding is nie iets sleg en boos nie. Die Here het aan die mens die gawe gegee om hom iets te kan verbeel. As mense nie verbeelding gehad het nie, sou daar maar min van die tegnologiese en kunstige wonders gewees het wat ons vandag het. Maar al God se gawes moet met groot verantwoordelikheid gebruik word.

Die man wat na 'n vrou kyk om haar te begeer en die vrou wat na 'n man kyk om hom te begeer, se verbeelding gaan beslis nie in 'n rigting waar God geëer en verheerlik word nie. Hoe dien 'n mens die Here wanneer jy van begeerte brand vir iemand met wie jy nie getroud is nie en in jou verbeelding die hele pad van owerspel en egbreuk loop? Dit is onmoontlik om die Here so te dien, want in jou verbeelding maak jy van daardie ander persoon 'n blote objek waarmee jy jou eie sondige begeertes bevredig. Daar is geen liefde vir die ander een nie. Dit gaan net oor jouself, terwyl die Here ons juis leer om ons naaste lief te hê soos onself en hulle belange altyd hoër te stel as ons eie belange.

En nou moet ons ook nie Jesus se woorde net beperk tot die kyk na mekaar waar ons mekaar ook al in die openbaar raaksien nie. God is alwetend. Hy weet ook van die pornografiese boeke, tydskrifte, fliëks of webblaaië wat gedruk en gepubliseer word. Al in daardie ou tyd voor die ballingskap van Israel was daar sulke dinge soos pornografiese afbeeldings. Die Here praat reguit daarvoor in Esegïël 23. Daardie afbeeldings en foto's van mense in skrapse klere of geen klere is bedoel om die verbeelding van 'n mens aan te gryp en daarmee op loop te gaan.

Die Here rig sy Woord tot elkeen in die tyd op die plek waar hy en sy lewe. Ook in ons tyd in hierdie stad waar pornografie nie meer iets is wat in die donker weggesteek word nie, en waar praatjies oor seksuele verhoudings nie meer deur grootmense saggies agter die hand gepraat word nie. Die tydskrifte en koerante lê oop en bloot in die winkels. Selfs kinders praat openlik oor hulle seksuele ervarings.

As ons egter getrou is aan Christus, sal ons nie op so 'n begeerlike manier na vrouens en mans kyk nie. As jy waaragtig weet dat Jesus Christus vir jou sondes aan die kruis sy bloed gestort en sy liggaam laat skeur het, sal jy nie kyk en vat aan die goed wat jou tot hierdie seksuele vergrype gaan verlei nie. As jy van harte vertrou dat Jesus Christus ook ter wille van jou deur sy Vader verlaat is en helse pyn en smart gely het oor die sondes teen die sewende gebod, sal jy uit dankbaarheid vir sy genade en die Vader se liefde jou verbeelding nie op loop laat gaan nie. Die mens wat deur Christus vrygekoop is van die slawerny van die sonde, sal na die geregtigheid van God soek. Hulle sal na die wil van God vra.

Geliefdes, ons het vanoggend bely dat ons deur Christus vrygekoop is van die mag van die sonde. As jy dan werklik bevry is uit die bande van die duiwel, wees waaksaam teen die verslawing van onbehoorlike seksuele verhoudings, gedagtes en woorde. Laat die Heilige Gees jou leer hoe om meer getrou te wees aan die wet soos wat Christus dit van ons verwag.

Indirek is daar reeds gesê hoe ons hierdie sewende gebod moet gehoorsaam in sy diepte en wydte soos wat die Here dit aan ons oopvou. Moenie so na 'n vrou of 'n man kyk dat jy haar of hom begeer nie. Moenie so kyk dat jou verbeelding in 'n sondige rigting sy loop neem nie. Ons verhoudings met die teenoorgestelde geslag – of ons getroud is of ongetroud – moet daarvan getuig dat ons deur Christus verlos is en die Heilige Gees ons beheers. En dan gaan dit nie net oor hoe ek met 'n ander praat of wat ek met 'n ander een doen waar ander mense my kan sien en hoor nie. Dit gaan in die eerste plek hoe ek in my eie gedagtes met en van daardie persoon praat en in my gedagtes met haar of hom doen. Ander mense sien dit nie raak nie en weet nie wat in my gedagtes aangaan nie. Maar God weet as my verbeelding in 'n sondige rigting die loop geneem het, en in sy oë is daardie verbeelding reeds egbreuk.

Maar ons Here Jesus ken ons en die wêreld waarin ons leef baie goed. Om 'n veldtog op loop te sit dat daar strenger wetgewing rondom pornografie moet wees, sal in die meeste gevalle op dowe ore val. En in hierdie eeu waar inligting vryelik bekombaar is, is daar bykans geen manier om die vloei van pornografie te keer of mense te verbied om na pornografie te kyk nie. Christus weet ook dat ons steeds sondaars is en sommige van ons sal juis ten opsigte van die seksuele verhoudings swakker wees as ander mense. Vir hulle wat ten opsigte van die seksuele verhoudings nog nie so 'n groot mate van selfbeheersing het nie, sê Jesus: As jou regteroog of regterhand jou laat sondig, haal hom uit of kap hom af en gooi dit van jou af weg, want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel gegooi word.

Die owerheid word nie aangesê om wetgewing te maak nie. Die gelowiges word deur Christus aangesê om aan God gehoorsaam te wees. Ver wag Jesus regtig dat ek myself moet vermink as my oë neig om na 'n vrou te staar en my verbeelding op loop te laat gaan? Nee, Jesus bedoel nie dat jy jouself moet vermink nie. Met hierdie dramatiese stelling leer Hy ons hoe dringend ons van die sonde ontslae moet raak. Nie verminking nie, maar afsterwing is die pad van heiligmaking.

Om Christus na te volg beteken dat 'n mens sondige praktyke op so 'n wyse verwerp dat jyself eintlik vir die sonde dood is. Dit gaan oefening kos om so op die pad van heiligmaking te vorder, maar die Heilige Gees werk juis in ons om te kan vorder. Wanneer jy weer agter-kom dat jy op 'n verkeerde manier na 'n vrou of 'n man kyk, haal jou oog uit! Dit is, moenie kyk nie! Maak soos iemand wat blind is en nie meer kan sien nie. Wanneer jou hand weer vat aan daardie DVD of boek wat jou verkeerd laat kyk na 'n vrou of 'n man, kap jou hand af. Dit is, moenie vat nie! Maak soos iemand wie se hand regtig afgekap is en nie meer kan vat nie. En bid dat jy meer en meer aan die Gees gehoorsaam sal wees.

Die een wat nie hierdie afsterwing van homself en haarself wil toepas nie, wil nie aan die Here Jesus getrou wees nie. En hulle wat nie gehoorsaam wil wees nie, word gewaarsku: Hulle liggame sal in die hel gegooi word. Dawid se verkeerde kyk na Batseba het gely tot owerspel, 'n ongewenste swangerskap en uiteindelik ook moord. Allerhande siektes is vandag die verskriklike nagevolg van verkeerde kyk na 'n vrou of 'n man. Anders as wat die wêreld leer, is dit nie kondome en sogenaamde veilige seks wat die oplossing vir vigs is nie. Gehoorsaamheid aan die Here se Woord, getrouheid aan Christus se leer is die oplossing vir vigs.

Geliefdes, gelowiges sal nie die wêreld kan keer om met allerhande seksuele verleidings te kom nie. Maar gelowiges kan hulle staal teen hierdie verleidings. Leef naby die Here. Bid gedurig dat die Heilige Gees jou versterk om die versoekings te oorwin. Wanneer jy

agterkom jy is nog steeds te swak – vlug. Maak soos wat Josef gedoen het toe Potifar se vrou hom wou verlei – hardloop so ver as wat jou bene jou kan dra.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 119:12, 13 (p. 589)

- 12 Wend my oog van wat tog niks is, / maak my lewend in u weg;
u belofteⁿaan al u dienaars – / maak dit waarheid aan u kneg!
Laat geen smaad my ooit oorval nie, / stort weer leweⁿin my gemoed
uit u woord wat reg en waar is, / en 'n bron van alle goed.
- 13 Wees my goed na u belofte, / dat ek smaders tot hul spyt
reg kan antwoord op hul smading / wat my Godsvrees my verwyd.
Neem u woord nie uit my mond nie, / waar my hoop op is gebou.
Dan getuig ek van u waarheid / wat ek graag wil onderhou.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 16-1:1, 2 (Sb 15)

- 1 “Laat jul kinders tot My nader / en geen hindernis hul weer,
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel,” sê die HEER.
- 2 “Wie nie needrig soos die kindjie / wat hier tussen julle staan,
so die Godsryk wil ontvang nie, / sal daar geensins binnegaan.”

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
6 Mei 2018